



NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE RAADSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 20 MEI 2026 OM 10:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdd J M de Beer

Lede van die Burgemeesterskomitee:

Rdl N Smit
Rdh T van Essen
Rdl A K Warnick

Beamptes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M Bolton
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr H C A Witbooi
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Bestuurder: Sekretariaat en Rekordsdienste, me N Brand

1. OPENING

Die voorsitter verwelkom lede en versoek rdd D G Bess om die vergadering met gebed te open.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Kennis geneem van die verskonings ontvang vanaf die Speaker, rdh M A Rangasamy and die
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen.

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 15 APRIL 2026

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 15 April 2026 goedgekeur en deur die Uitvoerende Burgemeester onderteken word.

5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS UIT DIE NOTULES

5.1 NOTULE VAN PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERINGS GEHOU OP 6 MEI 2026

5.1.1 MUNISIPALE BESTUUR, ADMINISTRASIE EN FINANSIES (7/1/2/2-1)

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

5.1.1/...

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE (7/1/2/2-4)**BESLUIT**

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.3 ONTWIKKELINGSDIENSTE (7/1/2/2-5)**BESLUIT**

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.4 BESKERMINGSDIENSTE (7/1/2/2-3)**BESLUIT**

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen.

7. NUWE SAKE**7.1 2026 GEWYSIGDE GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN (2/1/4/4/1)**

Die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) van 'n munisipaliteit dien as die hoof strategiese plan wat handel met die mees kritieke ontwikkelingsbehoefes in die munisipale area (eksterne fokus), sowel as die mees kritieke bestuursbehoefes van die organisasie (interne fokus).

Die hersiening van die GOP en gepaardgaande proses word deur verskeie wetgewende vereistes gereël.

Die Munisipale Bestuurder verwys na die publieke deelnameproses en bevestig dat insette wat ontvang is, deeglik oorweeg is.

BESLUIT

(op voorstel van rdd J M de Beer, gesekondeer deur rdl D G Bess)

- (a) Dat daar kennis geneem word van die publieke insette soos ontvang (**Aanhangsels 3 en 4**), welke insette deur die Begrotingsbeheer Komitee en Uitvoerende Burgemeesters Komitee oorweeg is, en dat aanbeveel word dat daar volstaan word met die kommentaar weens die finansiële beperkinge en uitdagings soos vervat in die begrotingsverslag (Item 7.2, paragraaf a).
- (b) Dat die 2026 Gewysigde Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) vir die Swartland munisipale gebied, sowel as die vyf Areaplanne vir 2026/2027, vir goedkeuring deur die Raad aanbeveel word in terme van Hoofstuk 5 van die Wet op Munisipale Stelsels Nr 32 van 2000;
- (c) Dat die wetlike proses, soos voorgeskryf in die Wet op Munisipale Stelsels Nr 32 van 2000, die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur Nr 56 van 2003 en die Munisipale Begroting en Verslagdoening Regulasies, 2009, afgehandel word na goedkeuring van die GOP deur die Raad.

7.2 **BEGROTINGSBEHEERKOMITEE: TEGNIESE AANBEVELINGS VIR DIE MEERJARIGE KAPITAAL- EN BEDRYFSBEGROTINGS, FINALE BEGROTINGS EN VERWANTE BELEIDE, EIENDOMSBELASTING, TARIWE EN ANDER HEFFINGS VIR 2026/2027, 2027/2028 EN 2028/2029 (5/1/1/1, 5/1/1/2)**

Die tegniese aanbevelings aan die Begrotingsbeheerkomitee op 13 Mei 2026 is voorafgegaan deur konsultasie met die onderskeie direktorate in die opstel van die Meerjarige Kapitaal- en Bedryfsbegrotings (MTREF) en verwante dokumente vir die 2026/2027, 2027/2028 en 2028/2029 finansiële jare. Verder is die voorleggings ontvang vanaf die publiek op die konsep MTREF bespreek, veral waar sodanige insette moontlike wysigings te weeg bring, met in ag neming dat die Raad nie 'n onbefondsde begroting mag aanvaar nie, afwyk van realisties gemodelleerde verwagte inkomste nie en buitensporige tariefaanpassings te weeg bring soos vereis deur NT se begrotingsomsendbriewe.

Die Uitvoerende Burgemeesterskomitee word dus in 'n posisie geplaas om 'n ingeligte besluit te neem rakende die moontlikheid van wysigings aan die 90-dae konsepbegroting, met in ag neming van die laer belastingkoers en tariewe wat die MTREF beïnvloed het.

Rdl A K Warnick stel voor dat Item 198 van die Kapitaalebegroting (Traffic and Law: CK 32531 replace with D/C Bakkie 4x2) gewysig word deur nie die Quantum-Bussie te vervang nie, en dat daar steeds 'n addisionele *D/C Bakkie 4x2* aangekoop word om dienslewering deur die Verkeers- en Wetstoepassingsdiens te optimaliseer en dat 'n mandaat aan die Direkteur: Finansiële Dienste gegee word om die begroting dienooreenkomstig te wysig.

Voormelde voorstel word nie deur die res van die lede van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee ondersteun nie.

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdd J M de Beer)

- (a) Dat, nadat alle insette (**Annexure A, Inputs received on Draft Budget**) wat ontvang is teen 22 April 2026 deeglik oorweeg is, ingesluit die insette ontvang tydens die Burgemeester Raadgewende Forumvergadering gehou op 15 April 2026, die antwoorde op die insette gehandhaaf word, maar dat die volgende wysigings (tensy ander hieronder vermeld) aan die voorgestelde finale begroting te weeg gebring, soos toegelaat deur artikel 23 van die MFMA:
- (i) *R2.5 miljoen vir die Swartland Bulk WTW and Conveyance Upgrade and Capacity extension;*
 - (ii) Bykans R7 miljoen vir addisionele kapitaalprojekte wat voortspruit uit Burgemeester-, Interne en Publieke insette;
 - (iii) Die die voorgestelde verhoging in elektrisiteitstariewe met 11.44%, soos gepubliseer, met tussen 8.26% tot 8.37% verlaag sal word vir residensiële verbruikers wat tot gevolg het dat die inkomste met R17.3 miljoen verlaag en meebring dat die elektrisiteitsdiens vir 2026/2027 teen 'n verlies van R32 miljoen gelewer word;
 - (iv) Dat geen verdere verhoging in die afslag op eiendomsbelasting moontlik is nie weens die verminderde inkomste as gevolg van voorgestelde afslag en dat die afslag van R400 000 gehandhaaf word;
 - (v) Dat die mees optimale befondsingsmengsel slegs bepaal kan word in lyn met die raad se langer termyn finansiële en dienslewering volhoubaarheidstrategie, wanneer die vordering met beplanning van die Swartland Bulk WTW sodanig is dat dit ingeligte holistiese finansiële besluitneming moontlik maak;
- (b) Dat die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste aandag gee aan die Koste van Voorsiening studie vir Water- en Sanitasie Dienste, ingesluit Vullisverwyderingsdienste;
- (c) Dat kennis geneem word dat, gebaseer op die jongste riglyne vanaf NT, die kapitaaluitgawe vir die opgradering van die elektrisiteitsvoorsiening wat verband hou met die Eskom-gedeelte van die toevoer na die De Hoop-substasie, nou as 'n bedryfsuitgawe beskou word en die toelae-finansiering as 'n konstruksie-

7.2/(c)...

kontrak-inkomste. Die substasie projek sal, gebaseer op kommunikasie wat op 11 Maart 2026 vanaf die DEE ontvang is, gedeeltelik deur INEP (R14 278 000) befonds word wat 'n tekort te weeg bring van R44 672 748 wat deur die Raad gefinansier moet word, wat meebring dat die elektrisiteitsdiens teen 'n verlies van ±R15 miljoen vir die 2026/2027 finansiële jaar gelewer word, aangesien die Raad nie die publiek met hierdie addisionele kontant-uitvloei wil belas nie, asook 'n verdere verlies van omtrent R17m weens die 11.44% elektrisiteitsverhoging wat verlaag is na tussen 8.26% - 8.37% vir residensiële verbruikers;

- (d) Dat die Raad goedkeuring verleen vir oorbruggingsfinansiering ten bedrae van R15 505 200 vir sekere elektriese infrastruktuur kapitaalprojekte (**De Hoop R3 685 200, Moorreesburg R6 660 000 en Darling R5 160 000**), befonds deur die CRR, weens die tydsberekening van die INEP-toelae wat mag verskil van die Munisipaliteit se finansiële jaar in die konteks van goedkeuring van befondsing deur die Departement en implementering van projekte in die munisipale konteks;
- (e) Dat die Raad kennis neem dat die projek koste soos beoog deur Artikel 19 (2)(a)(b) verkry is na konsultasie met die onderskeie direkteur(e) wat die koste bevestig het soos per (**Annexure B: 2026/2027 – 2028/2029 Final Budget and Tariff File**) en as sulks goedkeur;
- (f) Dat die Raad voor die goedkeuring van die finale kapitaal projekte bo R 50 miljoen soos gelys in (**Annexure C: 2026/2027 – 2030/2031 Capital Projects ito Sec 19**), eers die geprojekteerde kostes wat alle finansiële jare dek totdat die projek in werking is; en die toekomstige bedryfskoste en inkomste op die projek, met inbegrip van belasting- en tarief-implikasies oorweeg;
- (g) Dat die Raad en publiek kennis neem dat die beplanning vir drie (3) groter infrastruktuurprojekte oor die nuwe MTREF, soos hieronder gelys, nie die beplande kontantvloei sal verminder totdat daar werklike spandering in jaar 3 van die MTREF en daarna plaasvind nie. Die kontantvloeibegrotingskedules toon dat die kontantsaldo's toeneem, terwyl dit nog nie beduidende kontantuitvloei ten opsigte van die projekte weerspieël nie, gegewe die beperkings in die formules van die NT-begrotingskedules, in vergelyking met die vereiste wat op munisipaliteite geplaas word deur die LTFP en CEF om inkomste modellering oor 'n 5-10-jaar tydperk te doen;
- 1) Swartland Watersuiweringswerke wat die OPGRADERING van die suiweringswerke by die Voëlvleidam behels – Hierdie projek sal die behandelingskapasiteit van die Swartland Watersuiweringswerke verhoog vanaf 27ml per dag tot 40ml per dag om aan die bestaande piek- en toekomstige wateraanvraag te voldoen. Uitklaring rakende die omvang van die projek, detail ontwerp en omgewingsmagtiging sal gedurende die 2026/2027 en 2027/2028 finansiële jare afgehandel word waarna die konstruksiefase sal volg vir 'n beraamde periode van 36 maande. Die beraamde koste vir die projek beloop R250 miljoen;
 - 2) Swartland Watersuiweringswerke en die Kasteelberg Reservoirs – Die projek behels die opgradering van die grootmaat waterpylyn tussen die Swartland Watersuiweringswerke en die Kasteelberg Reservoirs. Die kapasiteit van voorsiening van die bestaande pylyn moet uitgebrei word om in die verhoogde piek- en toekomstige wateraanvraag te voorsien. Dit is die voorneme om 'n nuwe pylyn langsaan die bestaande pylyn aan te lê. Uitklaring rakende die omvang van die projek, identifisering van die roete van die pylyn, onderhandelinge met grondeienaars, omgewingsmagtiging en gedetailleerde ontwerp sal gedurende die 2026/2027 en 2027/2028 finansiële jare gefinaliseer word, waarna die konstruksiefase sal volg vir 'n beraamde tydperk van 24 maande. Die beraamde koste vir die projek beloop rondom R300 miljoen.
 - 3) Darling Rioolsuiweringswerke – Hierdie projek sal die behandelingskapasiteit van die Darling Rioolsuiweringswerke verhoog vanaf 1.9ml per dag na 4.0ml per dag. Dit gebeur dikwels dat dié werke oorlaai word en die behandelingskapasiteit oorskry word. Die opgradering is dus nodig om aan

7.2/(i)3)...

die toekomstige aanvraag te voldoen. Die omvang van die projek, detail ontwerp en omgewingsmagtiging sal gedurende die 2026/2027 en 2027/2028 finansiële jare afgehandel word, waarna die konstruksiefase sal volg vir 'n beraamde tydperk van 36 maande. Die beraamde koste vir die projek beloop R91.5 miljoen;

- (h) Dat die Raad dit toepaslik geag het om die totale finale kapitaalprogram te oorweeg, uitgesluit die 7 projekte bo R 50 miljoen soos gelys in **(Annexure C: 2026/2027 – 2030/2031 Capital Projects ito Sec 19)** aangesien die voorgenoemde kapitaalprogram se operasionele koste, insluitend die toekomstige koste wat gedek sal word deur óf belasting en/of die normale kostesentrums gekoppel aan daardie dienste soos in die bedryfsbegroting;
- (i) Dat die Raad kennis neem dat van die 7 projekte, die volgende 2 projekte (*Swartland Bulk Water Conveyance and WTW: Upgrade and Extension*) in die aanvanklike uitvoerbaarheids- en beplanningsfase is, wat beteken dat dit op hierdie stadium nie moontlik is om toekomstige koste wat 'n impak op die begroting/s sal hê kan bepaal nie en die Raad dus slegs kennis neem van hierdie projekte, wat eers vir tenders in daaropvolgende begrotingsprosesse goedgekeur kan word. Die impak van hierdie 2 projekte in die konteks van Artikel 19 van die MFMA kon nog nie gefinaliseer word en derhalwe bepaal word hoe die tariewe buite die MTREF periode beïnvloed sal word nie;
- (j) Dat die Raad die befondsingsbronne oorweeg wat verband hou met die raad se finale kapitaalprogram en daarop let dat die befondsingsbronne beskikbaar is en nie vir ander doeleindes geormerk is nie;

FINANCING SOURCES	FINAL BUDGET 2026/27	FINAL BUDGET 2027/28	FINAL BUDGET 2028/29
Capital Replacement Reserve (CRR)	R 153 403 305	R 179 661 565	R 221 719 078
Municipal Infrastructure Grant (MIG)	R 25 680 000	R 28 129 000	R 28 907 000
Dept. of Infrastructure	R 41 355 000	R 63 000 000	R 71 785 000
Integrated National Electrification Programme (INEP)	R 29 859 000	R 21 811 000	R 22 797 000
LG Financial Management Grant (FMG)	R 60 000	R -	R -
Dept. Cultural Affairs and Sport	R 121 739	R 43 478	R 43 478
GRAND TOTAL	R 250 479 044	R 292 645 043	R 345 251 556

- (k) Dat die Raad die finale kapitaalprojekte as deel van die gekonsolideerde kapitaalprogram goedkeur soos per **(Annexure B: 2026/2027 – 2028/2029 Final Budget and Tariff File)**;
- (l) Dat die volgende finale totale uitgawes per departement (per direktoraat) goedgekeur word, wat insluit beide bedryfs- en kapitale uitgawes per direktoraat (VOTE), ten einde departemente in staat te stel om pro-aktief ongemagtigde uitgawes te voorkom;

2026/27 MTREF R thousands	Capital Expenditure by Vote			Operating Expenditure by Vote			Total Expenditure by Vote		
	2026/27	2027/28	2026/27	2026/27	2027/28	2026/27	2026/27	2027/28	2026/27
Vote 1 - Corporate Services	354	277	229	52 875	55 508	58 776	53 229	55 785	59 005
Vote 2 - Civil Services	129 241	155 723	200 358	426 905	449 915	491 638	556 146	605 638	691 996
Vote 3 - Council	132	12	12	26 563	27 563	28 589	26 695	27 575	28 601
Vote 4 - Electricity Services	60 658	72 466	70 992	710 009	676 879	750 134	770 667	749 345	821 127
Vote 5 - Financial Services	986	434	525	94 818	100 835	107 583	95 803	101 269	108 108
Vote 6 - Development Services	49 895	63 094	71 883	216 463	103 049	156 644	266 358	166 143	228 527
Vote 7 - Municipal Manager	12	12	12	12 160	12 574	13 392	12 172	12 586	13 404
Vote 8 - Protection Services	9 202	627	1 240	141 283	152 076	163 449	150 484	152 703	164 689
Grand Total	250 479	292 645	345 252	1 681 076	1 578 399	1 770 206	1 931 555	1 871 044	2 115 457

7.2/...

- (m) Dat die finale hoë-vlak meerjarige Kapitaal- en Bedryfsbegrotings ten opsigte van die **2026/2027 – 2028/2029** finansiële jare goedgekeur word, in ooreenstemming met artikel 16, 17 en 19 van die MFMA;

	Oorspronklike Begroting 2025/2026	Half-Jaar Aansuiwerings begroting 2025/2026	Finale Begroting 2026/2027	Finale Begroting 2027/2028	Finale Begroting 2028/2029
Kapitaalebegroting	293 798 527	280 050 142	250 479 044	292 645 043	345 251 556
Bedryfsuitgawes	1 458 809 231	1 515 384 860	1 681 075 756	1 578 398 645	1 770 205 740
Bedryfsinkomste	1 606 490 727	1 725 538 886	1 782 975 897	1 785 672 327	1 988 666 820
Begrote (Surplus)/ Tekort	(147 681 496)	(210 154 026)	(101 900 141)	(207 273 683)	(218 461 080)
Minus: Kapitaal Toekennings	120 565 734	141 838 438	96 984 000	112 990 000	123 539 000
(Surplus)/ Tekort	(27 115 762)	(68 315 588)	(4 916 141)	(94 283 683)	(94 922 080)

- (n) Dat daar goedkeuring verleen word vir die kennisgewing ingevolge artikel 14(1) en (2) van die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Eiendomsbelasting, 2004 ten opsigte van die heffing/implementering van finale eiendomsbelastingkoerse, vrystellings en afslag op eiendomme soos gespesifiseer in die onderstaande skedule en in die eiendomsbelastingbeleid vir die 2026/2027 finansiële jaar;

Category of property	Rate ratio	Cent amount in the Rand rate
Residential properties	1: 1	0.005831
Business and Commercial properties	1: 1,6671	0.009721
Industrial properties	1: 1,6671	0.009721
Agricultural properties	1: 0,25	0.001458
Mining properties	1: 1,6671	0.009721
Public Service Infrastructure	1: 0,25	0.001458
Properties owned by an organ of state and used for public service purposes	1: 1,6671	0.009721
Public Benefit Organisations	1: 0	0.00
Vacant properties	1: 1,4965	0.008726
Municipal properties	1: 0	0.00
Conservation Areas	1: 0	0.00
Protected Areas	1: 0	0.00
National Monuments	1: 0	0.00
Informal Settlements	1: 0	0.00

Exemptions and Reductions

- **Residential Properties:** For all residential properties, the municipality will not levy a rate on the first R15 000 of the property's market value. The R15 000 is the statutory impermissible rate as per section 17(1)(h) of the Municipal Property Rates Act.

Rebates in respect of a category of owners of property are as follows:

- **Indigent owners:** 100 per cent rebate will be granted to registered indigent owners in terms of the Indigent Policy to a maximum valuation of R105 000;
- **Qualifying senior citizens, qualifying indigent owners and disabled persons:** A rebate to an amount equal to the rates payable on the first amount of the valuation of such property to a limit of R400 000 for the 2026/2027 financial year.

NB: Please refer to the municipality's property rates policy in respect of all rebates offered.

7.2/...

- (o) Dat die Raad die eiendomsbelastingkoerse, tariefstrukture en heffings vir water, vullis-verwydering, riool, elektrisiteit en ander diverse heffings soos uiteengesit in **(Annexure B: 2026/2027 – 2028/2029 Final Budget and Tariff File)** goedkeur as finaal;
- (p) Dat die Raad die voorgestelde elektrisiteitstariewe as finaal goedkeur vir die 2026/2027 finansiële jaar;
- (q) Dat die jaarlikse begrotingstabelle soos vereis deur die Begrotings- en Rapporteringsregulasies en uiteengesit is in **(Annexure D: Budget Report and A-Schedules 2026/2027 – 2028/2029)** goedgekeur word;
- (r) Dat **die wysigings** aan die begrotings- en verwante beleide soos vervat in **(Annexure E: Final Amended Budget & Related Policies 2026/2027)**, goedgekeur word as finaal;
- (s) Dat die Raad kennis neem dat enige wysigings aan die begrotingsverwante beleide ten opsigte van delegasies na afloop van die goedkeuring van die finale begroting sal plaasvind;
- (t) Dat die opleidingsbegroting van rondom R 1 862 747 vir die 2026/2027 finansiële jaar as finaal goedgekeur word;
- (u) Dat die Raad kennis neem van die verhogings van senior bestuur en personeel, wat op nasionale vlak onderhandel en bepaal word:
 - Ten opsigte van alle personeel, 'n verhoging van **4.75%** vir 2026/2027; **5.25%** vir die 2027/2028 en **5.25%** vir 2028/2029 finansiële jare, uitgesluit die toename in ander voordele wat van toepassing is en die jaarlikse 2,415% kerfverhoging waar van toepassing;
 - Daar is voldoende begroot vir alle salarisaanpassings;
 - Voorsiening is gemaak vir 'n **3%** verhoging volgens die NT-riglyne vir politieke ampsbekleërs.
- (v) Dat die Raad kennis neem van die begrote bedryfssurplusse en dat die begroting “kontant gefinansier” word as gevolg van die kontantreserwes in tabel A8, die totale groei in uitgawes van **10.9%** vanaf die huidige na die nuwe finansiële jaar en die inkomstebronne met 'n groei in inkomste van **6.5%** (**kapitale toekennings uitgesluit**) vir die MTREF periode, sowel as die kontantvloei-staat soos per **(A-schedule: A7)** vir die volgende drie finansiële jare;
 - die risikofaktor vir kontantdekking vir bedryfsuitgawes is **5.4 maande** vir 2026/27, **9.9 maande** vir 2027/28 en **10 maande** vir 2028/29;
 - oor die volgende drie finansiële jare is die beplanning van so 'n aard dat die verwagte netto bedryfssurplusse (**kapitale toekennings inkomste uitgesluit**) vir 2026/27, 'n bedrag van **R 4 916 141**, vir 2027/28 'n bedrag van **R 94 283 683** en vir 2028/29 'n bedrag van **R 94 922 080** beloop;
- (w) Dat die Raad kennis neem dat die omvattende inkomstemodelleringsoefening 'n proporsie insluit vir groei, gegewe die tendens van verhoogde huishoudelike verbruik en groei in dienste aansluitings;
- (x) Dat die Raad kennis neem dat die begroting opgestel is in die nuwe mSCOA Weergawe 7.1 soos vereis deur Nasionale Tesourie;
- (y) Dat die Raad kennis neem van die inhoudelike van die Provinsiale- en Nasionale Tesourie se Begroting-Omsendbriewe soos aangeheg in **“Annexure F: Budget Circulars”**;
- (z) Dat die Hoof Finansiële Beampte voldoen aan die vereistes van die Begrotingsformate in die konteks van die verslagdoeningsvereistes aan Provinsiale en Nasionale Tesourie;
- (aa) Dat die Raad kennis neem van die vordering met mSCOA soos aangedui op die *mSCOA-roadmap* **“Annexure G: mSCOA Roadmap”**, as gevolg van uitdagings met die funksionaliteit van die finansiële stelsel wat veroorsaak word deur die voortdurende wysiging aan die *mSCOA-chart*.

7.3 HERSIENING VAN STELSEL VAN DELEGASIES (2/5/1, 2/5/2)

Artikel 59 van die Munisipale Stelselwet bepaal dat 'n Raad 'n Stelsel van Delegasies (SOD) moet ontwikkel en onderhou wat administratiewe en operasionele doeltreffendheid optimaliseer.

Die aanhangsels tot die sakelyst behels die vyfde hersiening van die Stelsel van Delegasies wat op 16 November 2021 deur die Raad aanvaar is en word die wysigings deur die Direkteur: Korporatiewe Dienste behandel.

BESLUIT (vir voorlegging aan die Raad op 28 Mei 2026)
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdh T van Essen)

- (a) Dat die voorgestelde wysigings aan die Raad se Stelsel van Delegasie (5^{de} hersiening) soos vervat in Aanhangsels A en B goedgekeur word;
- (b) Dat kennis geneem word dat geen materiële wysigings aan die Stelsels van Delegasies van die Uitvoerende Burgemeester, die Munisipale Bestuurder en die Hoof Finansiële Beampte aangebring is nie, behalwe vir geringe wysigings betreffende postitels en die besonderhede van nuwe posbekleërs;
- (c) Dat kennis geneem word dat geen wysigings aangebring is aan die Artikel 53 Roluitklaring vir politieke strukture, politieke ampsbekleërs en die Munisipale Bestuurder nie, welke dokument deel uitmaak van die Stelsel van Delegasie.

7.4 MENSLIKE HULPBRONBESTUUR: WERKSPELVAARDIGHEIDSPAN (WVP) (4/6/B)

Die Werksplekvaardigheidsplan is ingevolge die Wet op Vaardigheidsontwikkeling (Wet 97 van 1998) opgestel en beskryf die ontwikkelingsbehoefes van die organisasies en die opleiding intervensies wat benodig word om die behoeftes aan te spreek.

Die konsep Werksplekvaardigheidsplan is aan die Vaardigheidsontwikkelingskomitee en beide vakbonde in April 2026 voorgelê vir goedkeuring en aftekening van die plan.

BESLUIT
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl D G Bess)

- (a) Dat kennis geneem word van die inhoud van die verslag;
- (b) Dat kennis geneem word van die jaarlikse opleidingsverslag vir die 2025/2026 finansiële jaar;
- (c) Dat die Werksplekvaardigheidsplan vir 2026/2027, soos opgesom in die verslag, goedgekeur word vir implementering.

7.5 VERLENGING VAN DIENSTERMYN: VOORSITTER VAN PRESTASIE, RISIKO EN OUDITKOMITEE (PRAC) (5/15/1/3)

Die Prestasie, Risiko en Ouditkomitee (PRAC) is saamgestel ingevolge Artikel 166 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet 56 van 2003) en funksioneer ingevolge die goedgekeurde handves van die betrokke komitee.

Die verslag het ten doel om voor te stel dat Me R Gani se lidmaatskap van die PRAC verleng word ten einde kontinuïteit, stabiliteit en effektiewe oorsig te behou.

BESLUIT
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer rdd J M de Beer)

Dat goedkeuring verleen word vir die verlenging van Me R Gani se dienstermyn as voorsitter van die Prestasie, Risiko en Ouditkomitee (PRAC) vir 'n periode van een (1) jaar, met ingang vanaf 1 Augustus 2026 tot 30 June 2027.

7.6/...

7.6 **VOORGESTELDE HDA GRONDVERKRYGING: RESTANT VAN GEDEELTE 2 VAN DIE PLAAS MICHIEL HEYNS KRAAL NO 755, MALMESBURY (12/2/2-2/1, 12/2/2-13/1)**

Die Behuisingsontwikkelingsagentskap (sg. HDA) is die eienaar van die Restant van Gedeelte 2 van die Plaas Michiel Heyns Kraal Nr 755 (groot ±698 0669 ha) geleë binne die Swartland munisipale gebied.

Die Munisipaliteit is sedert 2017 in gesprek met die HDA om grond te bekom vir behuisingsgeleenthede en gepaardgaande fasiliteite vir inwoners van Chatsworth en Riverlands. Die Wes-Kaapse Departement van Infrastruktuur is betrokke by die samesprekings om 'n geïntegreerde benadering tot die vestiging van menslike nedersettings te verseker.

Die Riverlands-ramp in Augustus 2024 het die dringendheid vir nood behuising bevestig en is daar toestemming deur HDA verleen vir die tydelike vestiging van 54 families op 'n gedeelte van vermelde grond. Die doel van die voorgestelde grondverkryging is om hierdie gedeelte te formaliseer, saam met verdere behoeftes.

BESLUIT

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die gesprekke tussen die Munisipaliteit, die Behuisingsontwikkelingsagentskap en die Wes-Kaapse Departement van Infrastruktuur (Menslike Nedersettings) en ander belanghebbendes rakende die voorgestelde verkryging en oordrag van die Restant van Gedeelte 2 van die plaas Michiel Heyns Kraal 755 vir geïntegreerde menslike nedersettingsontwikkeling vir die gemeenskappe van Chatsworth en Riverlands;
- (b) Dat kennis geneem word dat die Munisipaliteit nie belangstel om die totale Restant van Gedeelte 2 van die plaas Michiel Heyns Kraal 755 te bekom nie en dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die verkryging en oordrag van die volgende gedeeltes ondersteun:
 - (i) Gedeelte C (ongeveer ±3.7 hektaar) vir die Chatsworth Behuisingsprojek; en
 - (ii) Gedeelte A (ongeveer 16.6 hektaar) vir die Riverlands Behuisingsprojek.
- (c) Dat kennis geneem word dat ingevolge die Wet op die Behuisingsontwikkelingsagentskap, 2008 (Wet 23 van 2008) een van die sleutel verantwoordelikhede van die Behuisingsontwikkelingsagentskap (sg. HDA) is grondverkryging- en bestuur, m.a.w. die agentskap is gemagtig om staats-, private- en gemeenskapsgrond te bekom, te hou en beskikbaar te stel vir residensiële en gemeenskapsdoeleindes;
- (d) Dat, in ag genome die wetgewende verantwoordelikheid van HDA, die grondverkryging as 'n goedgeunstige donasie beskou word;
- (e) Dat, aangesien die Munisipaliteit nie die totale Restant van Gedeelte 2 wil bekom nie, die Munisipaliteit onderneem om die vermelde gedeeltes in paragraaf (b) op eie koste te laat onderverdeel en opmeet;
- (f) Dat die Munisipale Bestuurder (of aangewese amptenaar) gemagtig word om die ooreenkoms vir die hantering van die grondverkryging en volmag te onderteken ten einde eienaarskap te verkry en gevolglik in 'n posisie te wees om oor die eiendom te beskik op 'n wyse wat besluit sal word;
- (g) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die huidige infrastruktuurbepelings rakende water- en rioolkapasiteit en van die opgraderingsintervensies wat oor die medium finansiële termyn beplan word.

7.7 HERNUWING VAN DIE VERHURING VAN 'N GEDEELTE VAN ERF 182, KORINGBERG AAN KORINGBERG PRIMÊRE SKOOL VIA DIE WES-KAAPSE ONDERWYSDEPARTEMENT (12/2/4-7/1)

'n Gedeelte van Erf 182, Koringberg (groot ±3 913 m²) word vir etlike jare verhuur aan die Koringberg Primêre Skool via die Wes-Kaapse Departement van Onderwys vir opvoedingsdoeleindes.

'n Skoolsaal en mobiele klaskamers is op die voormelde gedeelte opgerig word deur die Koringberg Primêre Skool benut word. Die bestaande huurtermyn van vyf jaar verstryk op 30 Junie 2026.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdd J M de Beer)

- (a) Dat, in terme van Regulasie 34 van Munisipale Bate Oordrag Regulasie, saamgelees met die Munisipale Bate Oordrag Beleid (2014), goedkeuring verleen word vir die hernuwing van die verhuring van 'n gedeelte van Erf 182 Koringberg, ongeveer 3913m² groot aan die Wes- Kaapse Onderwys Departement vir gebruik daarvan deur Koringberg Primêre Skool, onderworpe aan die standaard huurvoorwaardes asook die volgende verdere voorwaardes:
- (i) Dat die huurtermyn vir die hernuwing van die huur vir 'n verdere tydperk van vyf (5) jaar, vanaf 01 Julie 2026 tot 31 Augustus 2031 sal duur, met die opsie om te hernu vir 'n verdere tydperk van drie (3) jaar op dieselfde terme en voorwaardes;
 - (ii) Dat 'n maandelikse huurbedrag van R2 591,72 betaalbaar sal wees, met 8% eskalاسie per jaar (eskalاسie sal op 1 Julie 2027 gehef word vir Jaar 2 en 1 Julie jaarliks daarna); en
 - (iii) Dat die onderwerp eiendom slegs vir opvoedkundige doeleindes gebruik word en enige aktiwiteite wat daarmee verband hou;
 - (iv) Dat alle administratiewe en wetlike vereistes aan voldoen moet word;
- (b) Dat daar, ingevolge paragraaf 13.1.1 van die Munisipale Beleid op die Vervreemding van Bates, kennis geneem word dat die huurkontrak deur middel van direkte onderhandelinge aangegaan word, aangesien die huurder historiese gebruiksregte deur die Munisipaliteit verkry het vir die aanwending van die eiendom as 'n opvoedkundige fasiliteit, en die huurder sedertdien alle verantwoordelikhede en verpligtinge ingevolge die ooreenkoms nagekom het.

7.8 HERNUWING VAN HUUR VAN GEDEELTES VAN MUNISIPALE GEBOU (OU BIBLIOTEEK) GELEË OP ERF 3509 SENTRUMWEG, MOORREESBURG AAN KHETH'IMPILO AIDS FREE LIVING NPO EN ME T WILLIAMS (12/2/3/1-9/1)

Die voormalige biblioteek, geleë op Erf 3509, Moorreesburg word deur die Kheth'Impilo Aids Free Living NPO en me T Williams gehuur op 'n jaarlikse basis.

Die Departement van Gesondheid maak van voormelde NPO gebruik om gesondheidsdienste te lewer, onder andere, tuisgebaseerde sorg, verspreiding van medikasie, gesinsbeplanning, ens. en me T Williams benodig kantoorspasie vir ABET-klasse.

BESLUIT

(op voorstel van rdd J M de Beer, gesekondeer deur rdl D G Bess)

- (a) Dat, in terme van Regulasie 34 van Munisipale Bate Oordrag Regulasie, saamgelees met die Munisipale Bate Oordrag Beleid (2014), goedkeuring verleen word vir die hernuwing van huur van gedeeltes van die munisipale gebou, geleë op Erf 3509, Sentrumstraat, Moorreesburg, ongeveer 809.5m² groot, aan Kheth'Impilo AIDS Free Living 070-577-NPO en Me T Williams onderworpe aan die standaard huurvoorwaardes sowel as die volgende voorwaardes:
- (i) Dat die huur vir 'n verdere periode vanaf 01 Augustus 2026 tot 31 Maart 2027 sal duur;
 - (ii) Dat 'n huurbedrag van R120.00 (BTW uitgesluit) vir die huurtermyn, betaalbaar sal wees;
 - (iii) Dat die huurder verantwoordelik sal wees vir die betaling van diensteverbruik; en

7.8/(a)...

- (iv) Dat die gedeelte deur Kheth'Impilo AIDS Free Living NPO slegs gebruik word vir die voorsiening van gesondheidsdienste en die ander gedeelte gebruik word deur Me T Williams vir voorsiening van ABET klasse;
- (b) Dat, ingevolge paragrawe 13.1.1 van die Bate Oordrag Beleid, kennis geneem word dat die verhuring by wyse van direkte onderhandelinge geskied, gegewe die huurder 'n historiese reg deur die Munisipaliteit verleen was vir aanwending van die gebou as 'n gesondheidsorgsentrum, en het die huurder sedertdien alle verantwoordelikhede en verpligtinge in terme van die ooreenkoms nagekom.

7.9 VOORGESTELDE VERHURING VAN 'N VROEË KINDERONTWIKKELING-FASILITEIT BY DIE KALBASKRAAL SOSIALE EKONOMIESE FASILITEIT (SEF) GELEË OP ERF 979, KALBASKRAAL: VERSOEK VIR VOORSTELLE (12/1/3/1-6/1)

Die beplanning is om die konstruksie van die Sosiale Ekonomiese Fasiliteit (SEF), geleë in Leeubekkiestraat, Kalbaskraal teen einde Junie 2026 te voltooi.

'n Gedeelte van ±215 m² van die SEF-fasiliteit is geormerk vir 'n Vroeë Kinderontwikkelingsfasiliteit (ECD). Dit is noodsaaklik om met die proses 'n aanvang te neem om voorstelle in te win vir 'n ECD-fasiliteit om te verseker dat die fasiliteit betrek word na konstruksie daarvan om vandalisme te voorkom.

BESLUIT

(op voorstel deur rdl D G Bess, gesekondeer deur rdd J M de Beer)

- (a) Dat, in terme van Regulasie 34 van Munisipale Bate Oordrag Regulasie, saamgelees met die Munisipale Bate Oordrag Beleid (2014), goedkeuring verleen word vir verhuring van die vroeë kinderkontwikkelingsfasiliteit, geleë by die Kalbaskraal SEF, op Erf 979 Kalbaskraal (konsolidasie van Erwe 622 & 623), Leeubekkiestraat, by wyse van 'n versoek vir voorstelle, onderworpe aan die standaard voorwaardes asook die volgende voorwaardes:
 - (i) Dat die uitnodiging tot voorstelle in die pers geadverteer word, waardeur belangstellende en geregistreeerde vroeë kinderkontwikkelingsentrums die geleentheid gegun word om voorstelle vir die bedryf van 'n vroeë kinderkontwikkelingsentrums in te dien;
 - (ii) Dat die aansoeke in samewerking met die munisipale Gemeenskapsontwikkelingsdepartement geëvalueer word, waarna 'n verslag met die aanbeveling oor die toekenning van die huurkontrak aan die Burgemeesterskomitee voorgelê sal word vir finale goedkeuring;
 - (iii) Dat die huurkontrak vir 'n tydperk van twee (2) jaar gesluit word; en
 - (iv) Dat die suksesvolle aansoeker verantwoordelik sal wees vir die betaling van 'n maandelikse huurbedrag van R319.30 (BTW uitgesluit), asook alle toepaslike diensverbruikskoste;
- (b) Dat, in die lig van die Munisipaliteit se strategiese doelwit om gemeenskapswelstand te bevorder, die verhuring van die vroeë kinderkontwikkelingsfasiliteit aan 'n suksesvolle applikant verhuur word vir die bedryf van 'n vroeë kinderkontwikkelingsentrum en om die behoefte van die gemeenskap vir 'n vroeë kinderkontwikkelingsfasiliteit aan te spreek.

7.10 VOORGESTELDE VERHURING VAN TWEE SKEEPVRAGHOERS GELEË OP ERF 2183 (ONGEREGISTREERDE GEDEELTE VAN ERF 2110), H/V CONIFFE JANUARY EN THOMAS BEUKESSTRAAT, RIEBEEK-WES (12/1/3/1-1/1)

'n Donasie van skeepvraghouers waaruit klein besighede bedryf kan word is ontvang vanaf PPC Riebeek en gevolglik is 'n handelspasie gevestig om Erf 2183, Riebeek-Wes.

Nadat vorige huurooreenkomste gekanselleer is, is daar voorstelle aangevra vir die bedryf van klein besighede vanuit die x2 skeepvraghouers. 'n Aansoek is ontvang vanaf mnr M Lawrence, die eienaar One Stop R5 Shop (Pty) Ltd wat 'n spesery- en wegneemeteswinkel behels.

Besluit/...

7.10/...

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl D G Bess)

- (a) Dat, in terme van Regulasie 34 van Munisipale Bate Oordrag Regulasie, saamgelees met die Munisipale Bate Oordrag Beleid (2014), goedkeuring verleen word vir die voorgestelde verhuring van die vakante skeepsvrager by die handelspasie, geleë op Erf 2183 (ongeregistreerde Gedeelte van Erf 2110), Riebeek-Wes, op die hoek van Coniffe- en Thomas Beukesstraat, aan One Stop R5 Shop (Pty) Ltd (Registrasie Nr. 2026/355512/07), onderworpe aan die standaard huurvoorwaardes asook die volgende verdere voorwaardes:
- (i) Dat die verhuring vir 'n tydperk van een (1) jaar sal duur vanaf 01 Junie 2026 tot 31 Mei 2027; en
 - (ii) Dat 'n maandelikse huurbedrag van R100.00 (BTW uitgesluit) betaalbaar sal wees, asook die betaling van waterverbruik; en
 - (iii) Dat geen deposito's of dienste aansluitingsfooie betaalbaar sal wees deur die huurder;
- (b) Dat, weens die feit dat die voorgestelde transaksie deel uitmaak van die munisipale strategiese doelwitte om ekonomiese transformasie aan te moedig, die verhuring van die skeepsvrager aan die huurder goedgekeur word vir die bedryf van 'n besigheid.

7.11 VOORGESTELDE HERNUWING VAN HUUR VAN KANTOORSPASIE GELEË OP ERF 163, RIEBEEK-WES AAN ME HJC KRIEGLER VIR DIE BEDRYF VAN 'N POSKANTOORAGENTSAP (17/9/2/R)

Die gebou geleë op Erf 163, Riebeek-Wes word sedert 2014 as 'n Poskantoor Agentskap deur me HJC Kriegler bedryf en het lg. aangedui dat die lewering van hierdie diens voortgaan en derhalwe aansoek gedoen vir die verlenging van die huurtermyn.

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl D G Bess)

- (a) Dat, in terme van Regulasie 34 van Munisipale Bate Oordrag Regulasie, saamgelees met die Munisipale Bate Oordrag Beleid (2014), goedkeuring verleen word vir die hernuwing van die verhuring van kantoorspasie, geleë op 'n gedeelte van Erf 163, Riebeek-Wes, op die hoek van Van Riebeekstraat en Voortrekkerweg, ongeveer 130m² groot, aan Me HJC Kriegler (Posagentskap), onderworpe aan die standaard huurvoorwaardes asook die volgende verdere voorwaardes:
- (i) Dat die huurtermyn vir 'n tydperk van een jaar vanaf 01 April 2026 tot 31 Maart 2027 sal duur;
 - (ii) Dat huurgeld ten bedrae van R120.00 per maand, BTW uitgesluit betaalbaar sal wees;
 - (iii) Dat geen diensteverbruik betaalbaar sal wees deur die huurder nie;
 - (iv) Dat die eiendom slegs aangewend word vir die bedryf van 'n poskantooragentskap en vir geen ander doel nie; en
 - (v) Dat daar aan alle administratiewe, tegniese en regsvereistes voldoen word;
- (b) Dat, ingevolge paragrawe 13.1.1 en 13.1.3 van die Bate Oordrag Beleid, die eiendom by wyse van direkte onderhandelinge verhuur word, aangesien die eiendom vantevore verhuur was aan die huurder, met die inagneming dat die huurder 'n belangrike diens aan die gemeenskap van Riebeek West lewer ten opsigte van die ontvangs en verspreiding van pos.

7.12 MALMESBURY GHOLFklub: AANSOEK OM TOESTEMMING VIR DIE ONDERVERHURING VAN 'N GEDEELTE VAN VERHUURDE GROND (K2/1/2)

Die Direkteur: Korporatiewe Dienste gee agtergrond tot die aansoek wat ontvang is vanaf die Malmesbury Gholfklub om 'n gedeelte van die munisipale eiendom te onderverhuur.

Die doel van die onderverhuring is om goedkeuring te verleen vir die oprigting van 'n advertensiebord op 'n gedeelte aangrensend tot die N7.

7.12/...

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdd J M de Beer)

- (a) Dat toestemming nie aan die Malmesbury Gholfklub verleen word om 'n gedeelte van die gehuurde munisipale grond aan 'n derde party te onderverhuur nie;
- (b) Dat die aansoeker in kennis gestel word dat die versoek nie ondersteun word nie weens die wanbelyning met die doel van die huurooreenkoms, die risiko's verbonde aan die skep van derdepartyregte, en die voortydige aard van die aansoek.

7.13 HERNUWING VAN HUUR VAN GEDEELTE VAN MUNISIPALE GEBOU GELEë OP 'N GEDEELTE VAN ERF 1217, ABBOTSDALE VIR KANTOORAKKOMMODASIE AAN ABBOTSDALE BUURTWAG (12/1/3/1-1/1)

Die Abbotsdale Buurtwag huur tans een deel van die struktuur op erf 1217, geleë te Roosmarynstraat, Abbotsdale wat destyds deur ASLA as 'n prototipe opgerig is om deur die Munisipaliteit tot voordeel van die gemeenskap benut te word.

Die Abbotsdale Buurtwag is steeds aktief en het versoek dat die huurtermyn verleng word.

BESLUIT

(op voorstel van rdd J M de Beer, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

- (a) Dat, in terme van Regulasie 34 van Munisipale Bate Oordrag Regulasie, saamgelees met die Munisipale Bate Oordrag Beleid (2014), goedkeuring verleen word vir die hernuwing van die huur van een gedeelte van die munisipale gebou, geleë op 'n gedeelte van Erf 1217, Roosmaryn-/Sonneblomstraat, Abbotsdale, vir 'n verdere periode van een (1) jaar met ingang vanaf 01 Julie 2026 tot 30 Junie 2027 ten bedrae van R120.00 per jaar, BTW uitgesluit, welke bedrag vooruitbetaalbaar sal wees; en
- (b) Dat die huurvoorwaardes wat tans geld, van krag sal bly, ingesluit dat water en riooldienste kosteloos beskikbaar gestel word, in ag genome dat die buurtwag 'n vrywillige diens aan die gemeenskap lewer.

7.14 HERNUWING VAN VERHURING VAN GEBOU GELEë OP ERF 175 EN 'N GEDEELTE VAN ERF 177, DARLING AAN DIE DARLING MUSEUM (12/1/3/1-8/1)

Die munisipale geboue geleë op onderskeidelik Erwe 175 en 177 word verhuur aan die Darling Museum vir die bedryf van 'n museum en kultuursentrum.

Die huurooreenkoms is op 16 Augustus 2023 deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee geformaliseer vir 'n periode van drie jaar eindigend 31 Augustus 2026.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl N Smit)

- (a) Dat, in terme van Regulasie 34 van Munisipale Bate Oordrag Regulasie, saamgelees met die Munisipale Bate Oordrag Beleid (2014), goedkeuring verleen word vir die hernuwing van die verhuring van munisipale geboue, geleë op Erf 175 Darling en 'n gedeelte van Erf 177, Hillstraat, ongeveer 512m² en 409m² groot, aan die Darling Museum, onderworpe aan die standaard huurvoorwaardes asook die volgende verdere voorwaardes:
 - (i) Dat die huurtermyn vir die hernuwing van die huur vir 'n verdere tydperk van drie jaar vanaf 01 September 2026 tot 31 Augustus 2029 sal duur;
 - (ii) Dat jaarlikse huurgeld van R120.00, BTW uitgesluit ten opsigte van jaar 1 verhaal word, onderhewig aan eskalاسie bereken op die Verbruikersprysindeks (VPI) vanaf jaar 2;
 - (iii) Dat die huurder nie vir die betaling van diensteverbruik verantwoordelik sal wees nie;
 - (iv) Dat die eiendom slegs aangewend word as 'n museum en kultuursentrum en vir geen ander doel nie;

7.14/(a)...

- (v) Dat daar aan alle administratiewe, tegniese en regsvereistes voldoen word;
- (b) Dat, ingevolge paragraaf 12.2.1.4 van die Beleid op die Oordrag van Bates, die huur van die eiendom toegestaan word deur middel van direkte onderhandelinge, aangesien die eiendom beduidende erfeniswaarde het en 'n voordeel vir die gemeenskap inhou deur die bewaring en uitstalling van Darling se geskiedenis, asook die kulturele en historiese betekenis van die gebou self.

7.15 KANSELLERING VAN DIE VERHURINGS EN VERSOEK VIR VOORSTELLE MET BETREKKING TOT DIE VERHURING VAN TWEE SKEEPVRAGHOERS GELEË OP 'N GEDEELTE VAN DIE RESTANT VAN ERF 551, DARLING (DE VLEI AMFITEATER) (ENTREPRENEURS BESIGHEIDSHUB) (17/2/2)

Die Munisipaliteit het as deel van die RSEP-program 'n handelspasië op 'n Gedeelte van die Restant van Erf 551, Darling (De Vlei Amfiteater) geskep wat bestaan uit vyf skeepvraghouers.

Daar is gedurende April 2024 huurooreenkomste met vyf entrepreneurs aangegaan vir die benutting van die skeepvraghouers vir hulle klein besighede en verval die huurtermyne op 31 Julie 2026.

Een huurooreenkoms is deur die eienaar gekanselleer en 'n verdere huurooreenkoms deur die Munisipaliteit en is die doel van die verslag om die Uitvoerende Burgemeesterskomitee in kennis te stel van die kansellasies en om goedkeuring te verkry om 'n proses te volg om voorstelle in te win vir die verhuring van die twee skeepvraghouers.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl D G Bess)

- (a) Dat kennis geneem word van die kansellasie van die huur wat op 31 Julie 2025 sou verstryk met betrekking tot Sona Sodwa Take-aways and Erica's Tuckshop met dien verstande dat gelde deur beide voormalige huurders verskuldig, vereffen moet word.
- (b) Dat, in terme van Regulasie 34 van Munisipale Bate Oordrag Regulasie, saamgelees word met die Munisipale Bate Oordrag Beleid (2014) goedkeuring verleen word vir verhuring van twee skeepvraghouers, geleë op 'n gedeelte van Restant van Erf 551 Darling, (entrepreneur besigheidspasië by De Vlei Amfiteater), by wyse van 'n versoek vir voorstelle, onderworpe aan die standaard voorwaardes asook die volgende voorwaardes:
 - (i) Dat die versoek vir voorstelle in die pers geadverteer word, waarin alle belangstellende entrepreneurs die geleentheid gebied word om aansoeke in te dien vir besigheidsdoeleindes;
 - (ii) Dat die voorstelle in samewerking met die munisipale Gemeenskaps-ontwikkelingsdepartement geëvalueer word, waarna 'n verslag rakende die allokasie van die voorgestelde verhuring vir finale goedkeuring aan die burgemeesterskomitee voorgelê sal word vir oorweging;
 - (iii) Dat die verhuring vir 'n tydperk van twee (2) jaar sal duur;
 - (iv) Dat geen deposito's of aansluitingsfoeie betaalbaar sal wees nie; en
 - (v) Dat die suksesvolle applikante verantwoordelik sal wees vir die betaling van 'n maandelikse huurbedrag van R100.00 (BTW uitgesluit), asook die betaling van diensteverbruik;
- (c) Dat, weens die feit dat die voorgestelde transaksie deel uitmaak van die munisipale strategiese doelwitte om ekonomiese transformasie aan te moedig, die verhuring van die skeepvraghouer aan 'n suksesvolle applikant goedgekeur word vir die bedryf van 'n besigheid.

7.16 SWARTLAND SOSIALE ONTWIKKELINGSBELEID (OOREENSTEMMING MET DIE GOP EN DIE SOSIALE HERNUWINGSTRATEGIE) (17/2/2)

Die Swartland Sosiale Ontwikkelingsbeleid is hersien om die beleid te belyn met die strategiese doelwitte van die GOP en Sosiale Hernuwingstrategie.

7.16/...

Sosiale en Ekonomiese Ontwikkeling is twee aspekte wat nou saamloop om volhoubare ontwikkeling te verseker en daarom is dit belangrik dat die Ontwikkelingsdepartement programme daar sal stel om uitvoering aan die Sosiale Ontwikkelingsbeleid te gee. Daar sal op 'n jaarlikse basis in Augustus terugvoering aan die Uitvoerende Burge-meesterskomitee gegee word insake die implementering van die beleid.

BESLUIT

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdd J M de Beer)

Dat die Swartland Sosiale Ontwikkelingsbeleid goedgekeur word.

7.17 UITSTAANDE DEBITEURE: APRIL 2026 (5/7/1/1)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir April 2026.

7.18 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 30 April 2026 soos met die sakelys gesirkuleer.

7.19 VOORRAADOPNAME, 2026 (6/1/4)

Die jaarlikse voorraadopname is geskeduleer vir 25 Junie 2026 en word daar vereis dat lede van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee aangewys word om as waarnemers op te tree tydens die voorraadopname.

BESLUIT

(op voorstel van rdd J M de Beer, gesekondeer deur rdl D G Bess)

- (a) Dat rdh T van Essen en rdl D G Bess aangewys word om die voorraadopname op 25 Junie 2026 waar te neem, en dat rdd J M de Beer en rdl N Smit op bystand sal wees indien nodig;
- (b) Dat aangewese raadslede kennis neem dat die Administrateur: Store graag om 09:00 stiptelik aanvang wil neem met die voorraadopname by die hoof magasyn te Malmesbury.

7.20 AFWYKING VAN DIE VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: HERSTEL VAN CHERRY PICKER, CK 32334 (8/1/B/2)

Die *Cherry Picker*, CK 32334, wat in die Elektriese Departement gebruik word moet 'n jaarlikse landingstoets ondergaan en is herstelwerk aan die hidroliese stelsel en ander meganismes nodig alvorens die toets gedoen word.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge paragraaf 36 van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;
- (b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir die herstel en toets van die Cherry Picker, CK 32334 deur CT Manufacturing (PtY) Ltd ten bedrae van R142 930.05 (BTW ingesluit);

7.20/...

- (c) Dat verder kennis geneem word dat, in terme van paragraaf 2(6)(d) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid, dit nie nodig is om 'n formele tenderproses te volg nie, aangesien voertuig geneem is na die installeerder van hidrouliese-stelsels op 'n *strip and quote*-basis;
- (d) Dat die uitgawe ten bedrae van R142 930.05 (BTW ingesluit) teen posnommer 9/1-14-5 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;
- (e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.21 AFWYKING VAN DIE VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: HERSTEL VAN 4X4 TRUCK, CK 47512 (8/1/B/2)

Die Elektriese Departement gebruik 'n Isuzu 4x4 Kraanvragmotor, CK 47512, in Darling en Yzerfontein waarvan die remme foutief was en ander herstelwerk wat nodig was voordag 'n padwaardigheidstoets uitgevoer kon word.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygings-prosedures ingevolge paragraaf 36 van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;
- (b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir die herstel van die Kraanvragmotor, CK 47512, deur Isuzu Malmesbury ten bedrae van R33 793.42 (BTW ingesluit);
- (c) Dat verder kennis geneem word dat, in terme van paragraaf 2(6)(d) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid, dit nie nodig is om 'n formele tenderproses te volg nie, aangesien Isuzu Malmesbury die ondersteuningsagent en verskaffer van Isuzu-vragmotors is;
- (d) Dat die uitgawe ten bedrae van R33 793.42 (BTW ingesluit) teen posnommer 9/7-26-5 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;
- (e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.22 AFWYKING VAN DIE VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: DIENS VAN CK 32363 (8/1/B/2)

Die Isuzu Kraanvragmotor, CK 32363, word in Malmesbury deur die Elektriese Departement gebruik.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygings-prosedures ingevolge paragraaf 36 van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;
- (b) Dat kennis geneem word dat die diens van die Isuzu Kraanvragmotor, CK 32363, deur die Munisipale Bestuurder goedgekeur is ten bedrae van R34 077.71 (BTW ingesluit) deur Isuzu Malmesbury;
- (c) Dat kennis geneem word dat, in terme van paragraaf 2(6)(d) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid, dit nie nodig is om 'n formele tenderproses te volg nie, aangesien Isuzu Malmesbury die ondersteuningsagent en verskaffer van Isuzu-vragmotors is;
- (d) Dat die uitgawe ten bedrae van R34 077.71 (BTW ingesluit) teen posnommer 9/7-26-5 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;
- (e)/...

7.22/....

- (e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.23 AFWYKING VAN DIE VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: DIENS VAN CK 13236 (UD 85 VRAGMOTOR) (8/1/B/2)

Die UD 85 Vragmotor, CK 13236, word deur die Strate- en Stormwaterafdeling in Moorreesburg gebruik.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge paragraaf 36 van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;
- (b) Dat kennis geneem word dat die diens van die UD 85 Vragmotor, CK 13236, deur die Munisipale Bestuurder goedgekeur is ten bedrae van R30 992.12 (BTW uitgesluit) deur UD Trucks Malmesbury;
- (c) Dat kennis geneem word dat, in terme van paragraaf 2(6)(d) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid, dit nie nodig is om 'n formele tenderproses te volg nie, aangesien UD Trucks die ondersteuningsagent van UD-vragmotors is;
- (d) Dat die uitgawe ten bedrae van R30 992.12 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/4-44-2 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;
- (e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.24 AFWYKING VAN DIE VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: DIENS VAN CK 47365 (UD H20 VRAGMOTOR) (8/1/B/2)

Die UD H20 Vragmotor, CK 47365, word in die Strate- en Stormwaterafdeling gebruik in die Riebeek Vallei en Ongedund.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge paragraaf 36 van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;
- (b) Dat kennis geneem word dat die diens van die UD H20 Vragmotor, CK 47365, deur die Munisipale Bestuurder goedgekeur is ten bedrae van R37 370.79 (BTW uitgesluit) deur UD Trucks;
- (c) Dat kennis geneem word dat, in terme van paragraaf 2(6)(d) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid, dit nie nodig is om 'n formele tenderproses te volg nie, aangesien UD Trucks die ondersteuningsagent van UD-vragmotors is;
- (d) Dat die uitgawe ten bedrae van R37 370.79 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/4-52-2 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;
- (e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.25 AFWYKING VAN DIE VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: HERSTEL VAN JCB LAAIGRAAF, CK 45744 (8/1/B/2)

Die JCB Laaigraaf, CK 45744, word deur die Waterafdeling gebruik vir die onderhoud aan infrastruktuur in die Swartland munisipale area.

Besluit/...

7.25/...

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge paragraaf 36 van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;
- (b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir die herstel van CK 45744 (JCB Laaigraaf) deur Bell Equipment ten bedrae van R47 230.93 (BTW uitgesluit);
- (c) Dat verder kennis geneem word dat, in terme van paragraaf 2(6)(d) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid, dit nie nodig is om 'n formele tenderproses te volg nie, aangesien Bell Equipment en die oorspronklike vervaardiger en gemagtigde agent van JCB-toerusting is;
- (d) Dat die uitgawe ten bedrae van R47 230.93 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/7-26-5 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;
- (e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.26 AFWYKING VAN DIE VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: DRINGENDE HERSTELWERK AAN DOMPelpOMP NO 2 BY KALBASKRAAL POMPSTASIE NO 2 (8/1/B/2)

Die rioolpompstasie in Kalbaskraal versamel en vervoer rou riool vanaf die residensiële areas in Kalbaskraal na die Kalbaskraal WWTW. Die pompstasie is toegerus met twee pompstelle. Een van die pompe het meganiese probleme ondervind.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge paragraaf 36 van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;
- (b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir die herstelwerk aan die pomp by die Kalbaskraal Pompstasie Nr 2 deur CAW ten bedrae van R29 895.00 (BTW uitgesluit);
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
 - (i) Die dompelpomp sou vir 'n geruime tyd buite werking gelaat word indien die normale verkrygingsproses gevolg is;
 - (ii) Voormelde sou aanleiding gee tot 'n oorvloei van riool by die pompstasie en 'n onderbreking in die lewering van die riooldiens;
 - (iii) Die herstel van die dompelpomp is dus as 'n noodgeval hanteer;
- (d) Dat die uitgawe ten bedrae van R29 895.00 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/239-849-425 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;
- (e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.27 AANSOEK OM VAKANSIEVERLOF DEUR MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKTEURE EN AANWYS VAN WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER (4/8/3)

Die verlof van die Munisipale Bestuurder moet deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee oorweeg en goedgekeur word.

Besluit/...

7.27/...

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdh T van Essen)

- (a) Dat die aansoek om verlof van die Munisipale Bestuurder vir die volgende dae in beginsel goedgekeur word, naamlik:
- 15 Junie 2026 (1 dag)
 - 29 Junie tot 6 Julie 2026 (6 dae)
 - 25 September 2026 (1 dag)
 - 17 Desember 2026 tot 8 Januarie 2027 (15 dae)
- (b) Dat daar kennis geneem word dat die Direkteur: Finansiële Dienste gedurende voormelde tydperk sal waarneem as Munisipale Bestuurder;
- (c) Dat elke Direkteur, die waarnemende Direkteure in hulle onderskeie departemente sal aanwys, ten einde goeie kommunikasie en dienslewering te verseker.

(GET) J H CLEOPHAS
UITVOERENDE BURGEMEESTER